

Gender Geregtheid Taakspan

Vrouedag Erediensriglyne

9 Augustus 2020

Groet Psalm

Lees Psalm 8 uit die vertaling van u keuse.

Herhaal dan v 4-7 soos hier geparafraseer:

...

Here, ons Here..

As ek u hemel aanskou,

Die werk van u vingers,

Die maan en sterre – waaraan u 'n plek gegee het,

Wat is die mens dan dat u aan *haar* dink,

Die mensekind dat u na *haar* omsien?

U het *haar* net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak

En *haar* met aansien en eer gekroon,

U laat *haar* heers oor die werke van u hande

U het alles aan *haar* onderwerp...

Liewe Susters, Broers en Kinders

Vandag is Vrouedag. Nee, nee, nie Moedersdag nie. Vandag is Vrouedag. Op Moedersdag doen ons moeite om waardering uit te spreek vir dit wat die Ma's en Vrouens in ons lewens vir ons doen en beteken. Vrouedag het 'n ander fokus. Op hierdie dag kyk ons vroue vol in die oë en bevestig – jy as vrou is volkome mens. In jou menswees verteenwoordig jy God na wie se beeld ook jy geskep is.

Dit is ook die dag waarop ons mans en kinders vol in die oë wil kyk en hulle wil herinner:

Ook vroue, meisies en dogtertjies is die werk van God se vingers.

Ook vroue, meisies en dogtertjies se name is in God se handpalm gegraveer

En word met aansien en eer kroon.

Ook vroue, meisies en dogtertjies behoort met respek en waardigheid behandel word.

En liewe Gemeente

Nou meer as ooit, is dit ook nodig om notisie te neem van die noodroep wat uitgaan van die vermoorde en vernielde lywe van vroue en kinders. Vroue wat ons daaraan herinner dat nie almal met God se oë na vrouens kyk nie.

Hierdie stemme weerklink al sedert die Ou Testament:

Stemme van 2 of 3 vrouens wat die verskillende Bybelse karakters se stemme lees¹:

(Hierdie teks sou in Powerpoint omgesit kan word vir die aanlyn eredienste)

Vrou 1: Ek is Eva, die vrou uit jou geneem.

Vrou 2: Ek is Hagar jou dienskneg, jou nie-amptelike vrou wat jy die woestyn instuur.

Vrou 3: Ek is Lea, die vrou wat jy teen jou wil moes trou.

Vrou 1: Ek is Dina jou enigste dogter wat deur Sigem verkrag is.

Vrou 2: Ek is Tamar, jou deperate weduwee wat haar lyf sekswerker moet hou.

Vrou 3: Ek het nie 'n naam nie, ek is Jefta se dogter. En ek betaal die prys vir sy eed aan God.

Vrou 1: Ek is die ander Tamar, jou dogter wat deur jou seun verkrag is.

Vroue saam: Ons is die gebroke vroue van die Hebreuse Bybel.

Ons is gebroke vroue in 'n gebroke wêreld.

Ons is vroue opsoek na heling, respek en geregtigheid.

Vrou 1: Ek is Maria, 'n swanger vrou sonder heenkome.

Vrou 2: Ek is die Samaritaanse vrou met 5 mans, waarvan nie een regtig myne is.

Vrou 3: Ek is die onrein vrou wat op my knieë na jou kleed tas.

Vrou 1: Ek is Anna, die weduwee wat bid vir die kerk se bevryding.

Vrou 2: Ek is die Kanaänitiese vrou wat smee vir die krummels van jou tafel.

Vrou 3: Ek is die weduwee wat my twee munte na die offerkis bring.

Vrou 1: Ek is die vasberade weduwee wat in die hof bly roep na geregtigheid.

Vrou 2: Ek is die vrou wat in owerspel betrap is.

¹ Verwerk uit Churches, Channels of Hope Gender Devotion deur Frank Molteno.

Vroue saam: Ons is die gebroke vroue van die Nuwe Testament.

Ons is gebroke vroue in 'n gebroke wêreld.

Ons is vroue opsoek na heling, respek en geregtigheid.

En hoe sal hierdie stemme vandag klink?

In 'n tyd wat ons almal gebuk gaan onder die effek van die COVID-19 pandemie.

Terwyl daar meer as 7.8 miljoen mense is wat ook reeds met MIV saamleef

Tydens grendeltyd weet ons dat vroue selfs meer kwesbaar is en meer uitgelewer aan die misbruik en mishandeling van mans. Die koerante en sosiale media herinner ons gereeld aan hierdie hartseer en ontstellende realiteit.

Liewe Susters, Broers en Kinders

Hoe reageer ons as kerk hierop? Watter rol behoort ons as kerk daarin te speel om die waardigheid van vroue te bevestig en beskerm?

Ten eerste vra dit dat ons ernstig, eerlik en met waagmoed sal besin oor wat dit beteken om 'n vrou te wees in ons Suid-Afrikaanse konteks ...

Skriflesing: 2 Kor 4:13-16

Daar staan in die Skrif: "Ek het geglo, daarom het ek gepraat."

Hierdie skrifgedeelte fokus op geloof en hoop, maar ook die feit dat geloof en hoop vertaal word na aksie. Daarom skryf Paulus dat sy geloof hom oortuig om te *praat*.

As Christene hou ons vas aan die lewende hoop en weet ons dat die Heilige Gees in ons, ons in staat stel om te oorleef, maar ook te *leef* ten spyte van moeilike omstandighede. Maar hierdie hoop in Christus is nie passief nie. Dit beteken nie dat ons ons koerante lees, of asems intrek en dan maar weer voortgaan met ons eie gemaklike lewens nie. Nee, hoop is aktief. As ons werklik in iets glo, sal ons ook bereid wees om te praat, om ons moue op te rol en ons te beywer vir dit waarin ons glo.

Die Thursdays in Black veldtog wat haar beywer vir 'n wêreld sonder geweld en verkragting verklaar onder andere – ons staan in die hoop dat 'n ander werklikheid moontlik is.²

² Vir meer inligting besoek www.thursdaysinblack.co.za of kontak CABSA by management@cabsa.org.za

En juis vir ons as Christene, dring die hoop op 'n ander werklikheid ons om op te staan en te praat teen die ongeregtighede in ons wêreld. En ja, susters en broers, daar is baie ongeregtigheid rondom ons. Baie dinge wat ons bekommerd maak en regulasies wat in hierdie tyd nie altyd sin maak nie. Maar op hierdie Sondag en vir hierdie maand, kom ons fokus spesifiek die aandag op die posisie van vroue in ons samelewing. En nie net die van vroue in ons eie huise, buurte of gemeentes nie, maar van all vroue, meisies en dogtertjies in ons land. Elkeen kosbaar geskape na die beeld van God.

Denise M. Ackerman reflekteer op hoop in haar boek *Surprised by the Man on the Borrowed Donkey*³:

“To have faith is to have hope. Yet this statement is often taken to mean hoping for the end times when all will be made new. Hope, however, is a lived reality in the life of faith, here and now.”

“I learnt that to hope is never to surrender our power to imagine a better world, that present unjust arrangements are provisional and precarious and do not require our acceptance.”

Ackerman herinner ons dat hoop geleef moet word: “The way I hope should be the way I live. To live out my hope is to try to make that which I hope for come about – sooner rather than later.”

Daar is ook die gevaar dat wanneer ons hoop, dat ons visie altyd op die toekoms gerig sal wees, maar ons moet besef dat dit waarvoor ons hoop in die toekoms, is ook relevant en belangrik in ons hede. En dit behoort te beïnvloed hoe ons nou lewe. Waarop ons hoop vir die toekoms, behoort dan ook te wees waarop ons ons gedagtes, gebede, energie en dade fokus in die hier en nou van ons lewens. Dan word ons hoop “aktiewe” hoop.

“To inhabit hope despite woeful circumstances is to offer a counter-story that dares us to become involved in making that which we hope for come about.”

“So we are not giving up. How could we! Even though on the outside it often looks like things are falling apart on us, on the inside, where God is making new life, not a day goes by without his unfolding grace.” (2 Cor 4:16 The Message).

Die Heilige Gees help ons om met nuwe oë na die wêreld om ons te kyk, maar daag ons ook uit om reeds hierdie toekoms vandag te beliggaam.

Die uitnodiging is dus dat ons ons stemme, liggame en invloed sal gebruik om te werk vir 'n teenwoordige tyd waarin vroue veilig sal wees, waarin vroue gerespekteer word, waar die beeld van God herken sal word in elke vrou en man en kind.

Op hierdie dag kyk ons vroue vol in die oë en bevestig – jy as vrou is volkome mens. In jou menswees verteenwoordig jy God na wie se beeld ook jy geskep is.

³ Beskikbaar by Bybel-Media

Erediens kan afgesluit word met die voorlees van die gedig van Antjie Krog

Dogter van Jefta

Here by Abel-Kerámim

Here by Mispa in Gilead

Here God van Jefta

hier is my liggaam!

Hier is my vlies - veilig soos 'n retina
en heel soos 'n groen granaatjie.

Hier is my maag - 'n koue kaggel
wat gelate sal waak oor die maandelike vloei.

Hier is my borste - twee bloeiende druppels
wat nooit met liefde gesuurdeeg word nie.

Hier is my hande liewe Here
sterk en gewillig soos my hart.

Van nou af is ek 'n bruid
bevrug deur Gees,

van nou af is ek vroedvrou vir 'n volk,

van nou af verwag ek

U.

Seëngroet uit Efesiërs 1: 18-19

“Ek beid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.”

Vir Thursdays in Black speldjies en boekmerke, kontak admin@cabsa.org.za

Vir gepaste pamflette, bestel by CLF by <https://clf.co.za/>

Vorberei deur Aneleh Fourie Le Roux namens Gender Geregtheid Taakspan

www.cabsa.org.za of management@cabsa.org.za

